




NUUSBRIEF: AFRIKAANS

APRIL 2023



BEFONDS DEUR:



science & innovation

Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GEHUISVES DEUR:



NWU[®]
NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA

VENNOTE:



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT



ICELDA
Inter-institutional Centre for Language
Development and Assessment



CSIR
Touching lives through innovation



OUDIT VAN TAALHULPBRONNE TER ONDERSTEUNING VAN VEELTALIGHEID ONDERWEG IN SUID-AFRIKAANSE OPENBARE UNIVERSITEITE

- Natalie Simon

Vir baie studente aan Suid-Afrikaanse hoërondewysinstellings bly taal 'n struikelblok tot toegang en sukses. Dit is deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) in hulle hersiene taalbeleidsraamwerk vir hoër onderwys opgemerk. Hierdie beleidsraamwerk benadruk die belangrikheid daarvan om veeltalige omgewings by Suid-Afrika se openbare hoërondewysinstellings te ontwikkel as deel van 'n voortdurende poging om in ons veeltalige samelewing hindernisse tot toegang en sukses in hoër onderwys te verwyder.

LEES OOR:

Oudit van taalhulpbronne ter ondersteuning van veeltaligheid onderweg in Suid-Afrikaanse openbare universiteite

1

Professor Tobie van Dyk kom aan boord van SADiLaR

4

Write It: 'n gratis veeltalige program om studente met akademiese skryfwerk te help

5

Nuwe lewe in siPhuthi: taal en kultuur

7

DH-IGNITE: Laat die digitale geesteswetenskappe in KwaZulu-Natal vlam vat

11

SADiLaR-navorsers deel kennis by somerskool vir digitale geesteswetenskappe

13

SADiLaR-navorsers by die 2022 AVSA-konferensie

15

Doktor Marais verkies as nodusverteenwoordiger op SADiLaR se bestuurskomitee

17

Om hierdie rede is daar by USAf-CoPAL se kollokwium vir visekanseliers oor die nuwe taalbeleidsraamwerk vir hoër onderwys, wat in September 2021 deur Universiteit Stellenbosch aangebied is, besluit dat die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (South African Centre for Digital Language Resources [SADiLaR]) 'n oudit van die ganse hoërondewysfeer moet hou om te identifiseer watter hulpbronne vir instellings beskikbaar is om die nuwe beleidsraamwerk suksesvol te implementeer.

Boonop beoog hierdie oudit van taalhulpbronne om te peil wat steeds vereis word om implementering van die beleid te ondersteun, om die mylpale te identifiseer wat bereik is, en om suksesstories binne die sektor op te spoor. Terselfdertyd fokus die oudit daarop om meer kwalitatiewe datavrae, besorgdhede en potensiële idees te bekom wat die sektor met die implementering van die nuwe taalbeleidsraamwerk sal help.

Professor Langa Khumalo,
uitvoerende direkteur van SADiLaR

en uittredende CoPAL-voorsitter, bevestig dat "veeltaligheid in hoër onderwys groter toegang tot leer, studentesukses, sosiale kohesie, transformasie en dekolonialiteit sal beteken". Verder merk hy die volgende op:

Om in 'n mens se moedertaal onderrig te word, is 'n basiese mensereg. Implementering van hierdie raamwerk sal egter aansienlike hulpbronne verg. Dit sluit taaltegnologie soos grammatikaredigeerders en spelkontroles in, sowel as taalterminologie vir akademiese dissiplines en spesiale vaardighede en kundigheid om veeltaligheid te ondersteun. Sonder hierdie hulpbronne en 'n manier vir instellings om hulpbronne saam te snoer en strategieë en kundigheid te deel, sal hierdie raamwerk nooit op die been kom nie.

OUDITMYLPALE

As deel van hulle mandaat vir DHOO, het SADiLaR in November 2022 die oudit van taalhulpbronne begin implementeer. Implementering van die eerste amptelike oudit het op Vrydag 4 November by die Universiteit



Klik hier om
ons te kontak:



van Mpumalanga begin, gevolg deur die Vaal Universiteit vir Tegnologie (VUT) op 22 November, en die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) in Pretoria op 28 November.

Twee ouditloodssessies vir Noordwes-Universiteit en die Universiteit van KwaZulu-Natal het in Oktober 2022 plaasgevind. Hierdie loodssessies het die aanvoer gedoen vir die nasionale implementering wat tans aan die gang is.

By USAf-CoPAL se kollokwium vir visekanseliers oor die nuwe taalbeleidsraamwerk vir hoër onderwys wat 1-2 Desember 2022 in Pretoria gehou is, het SADiLaR 'n tussentydse ouditverslag ter tafel gelê. Dié verslag, wat deur die kollokwium verwelkom is, het die aandag op die oudit se mylpale en planne vir 2023 gevestig.

WAT UNIVERSITEITE OOR DIE OUDIT TE SÊ GEHAD HET

VUT-visekanselier en -prinsipaal, professor Dan Kgwadi sê, "Tale moet gelyk behandel word. Alle tale is ewe belangrik. Dit is noodsaaklik om tale te ontwikkel – nie slegs op universiteitsvlak nie maar ook op gemeenskapsvlak."

Professor Maggie Linington, adjunk-visekanselier verantwoordelik vir leer en onderrig by VUT, het daartoe bygevoeg dat die agt waardes wat in die beleidsraamwerk uitgestippel is, in lyn gebring moet word om as bron van kennis te dien. "Totdat ons dit doen, sal die ongeregtheid in die taalkwessies bly. Boonop is taal deel van ons identiteit en as ons ons tale huldig, betoon ons eer aan identiteit," sê sy.

"Die doel van die oudit is duidelik verwoord en die meeste van die vrae is beantwoord. Hierdie oudit het ons die geleentheid vergun om tot die sukses van die Taalbeleid by te dra deur die hulpbronne te vermeld wat ons vir implementering sal benodig." Dit is die mening gehuldig deur die hoof van die Skool vir Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit van Mpumalanga, professor Calvin Gwandure.

Mnr. Jacob Thamaga, taalpraktisyn (Sepedi) en waarnemende bestuurder van VUT se Eenheid vir die Ontwikkeling van Afrikatale, het die oudit verwelkom en opgemerk dat dit op 'n kritieke tyd kom wanneer VUT in die proses is om hulle hersiene taalbeleid van stapel te stuur.

"Ons is opgewonde daaroor om as gasheer vir die ouditgeleentheid te kan optree aangesien dit die stappe ten toon sal stel wat die kollege geneem het om die Afrika-epistemologie met onderrig en leer, navorsing en die betrokke vakkundigheid te deurweek," het professor Zethu Nkosi, waarnemende uitvoerende dekaan van die Kollege vir Geesteswetenskappe aan Unisa gesê.

WIE MOET DEELNEEM?

Bestuur, personeel en studente is almal welkom om deel te neem en hulle menings te huldig. Universiteite word ook aangemoedig om hulle ouditdatums met SADiLaR te bevestig!



2023-PLAN VIR IMPLEMENTERING VAN OUDIT

Lebogang Boemo, projekbestuurder by SADiLaR, verduidelik: "Ons sal aanhou om bestuur, personeel en studente by verskillende universiteite te betrek ten einde 'n indruk te kry van die vordering wat universiteite met die implementering van DHOO se nuwe taalbeleidsraamwerk vir openbare hoërsonderwysinstellings gemaak het. Ons skakel tans met die res van die universiteite om ouditdatums en ouditplanne vir 2023 te bevestig."

OUDITNAVRAE KAN GESTUUR WORD NA:

Me. Lebogang Boemo (Projekbestuurder: SADiLaR)
Noordwes-Universiteit
E-pos: languageaudit@sadilar.org
Tel: 018 285 2788



Kontak ons:





PROFESSOR TOBIE VAN DYK KOM AAN BOORD VAN SADILAR

SADiLaR is verheug om die tydelike oorplasing aan te kondig van professor Tobie van Dyk, hoogs gerespekteerde toegepaste taalkundige van die Skool vir Tale aan Noordwes-Universiteit (NWU) in Suid-Afrika. Voor sy oorplasing was prof. Van Dyk hoof van die Sentrum vir Akademiese en Professionele Taalpraktyk en direkteur van die Skool vir Tale, albei by NWU.

“Professor van Dyk se deskundigheid in toegepaste taalkunde en sy goedgevestigde nasionale en internasionale netwerke is noodsaaklik vir SADiLaR om ons mandaat uit te oefen,” sê mnr. Juan Steyn, SADiLaR-bedryfsdirekteur.



Professor Tobie van Dyk

Afrika (USAf) opdrag gegee is om die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) by te staan met 'n oudit van taalhulpbronne by al 26 universiteite in Suid-Afrika.

Prof. van Dyk sê, “Ek’s uiters opgewonde oor die verplasing na SADiLaR omdat die ontwerp en ontwikkeling van taalhulpbronne vir die gebruik in verskillende kontekste en vir verskillende doele, en die bevordering van veeltaligheid my baie na aan die hart lê. Boonop gun dit my die geleentheid om bestaande verhoudinge en netwerke te versterk, en nuwes te vestig.”

Oudit van taalhulpbronne

Die oorplasing geld van 1 Januarie 2023 tot 31 Desember 2023 en sy deskundigheid gaan op verskeie SADiLaR-mandate toegepas word. Dit sluit primêre ondersteuning vir die hulpbronoudit van nasionale tale in. Hierdie projek getuig van SADiLaR se toenemende betrokkenheid by en sigbaarheid in die nasionale taalkundige landskap aangesien SADiLaR deur Universiteite Suid-

Volhoubaarheid van navorsingsinfrastruktuur

Benewens ander algemener ondersteuning rakende betrokkenheid, netwerkvorming en die skep van SADiLaR se hulpbronne en dienste, sowel as mentorskap in DG, sal Van Dyk se oorplasing ook waardevolle insig bied in 'n ruimer oorplasingproses na SADiLaR se

Kontak ons:





navorsingsinfrastruktuur. "Hiervan sal ons 'n nuwe basislyn daarstel vir maniere waarop die sentrum van navorsingskundigheid gebruik kan maak – op 'n manier wat praktieser is, en met 'n hoër impak as die vorige model met gasvakkundiges," sê Steyn.

Prof. Langa Khumalo, uitvoerende direkteur van SADiLaR, bevestig dit: "Volhoubaarheid van navorsingsinfrastrukture soos SADiLaR is 'n voortdurende bekommernis in Suid-Afrika.

As deel van die padkaart vir die Suid-Afrikaanse navorsingsinfrastruktuur moet ons ruim nasionale impak van ons werk oor die volgende vyf jaar verseker, en dit beteken ons moet alle vaardighede en deskundigheid tot ons beskikking gebruik. Ons sien uit na professor van Dyk se bydrae in hierdie opsig."

WRITE IT: 'N GRATIS VEELTALIGE PROGRAM OM STUDENTE MET AKADEMIESE SKRYFWERK TE HELP

- Natalie Simon



Kontak ons:



Die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (South African Centre for Digital Language Resources [SADiLaR]) stoom voort met 'n inisiatief om studente met basiese akademiese skryfwerk te help.

SADiLaR se taalontwikkeling-en-toets-nodus, die Inter-institusionele Sentrum vir Taalontwikkeling en -assessering ([Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment \[ICELDA\]](#)), het 'n reeks video's genaamd Write It ontwikkel om die gaping te vul deur studente leiding deur skryfwerk te verleen.



Akademie se skryfwerk is deurslaggend tot akademiese sukses, maar om dit reg te kry, is nie maklik nie – veral vir studente wat in 'n tweede of derde taal swot. Sommige instellings bied modules in akademiese geletterdheid en bystand vir akademiese skryfwerk, maar nie alle studente in Suid-Afrika het toegang tot hierdie soorte ondersteuning nie.

Video's met inligtingstukke vir eenvoudige verwysing en opsionele aanlyn take is in gebaretaal en al elf Suid-Afrika se amptelike tale bekend gestel. Studente kan die Write It-video's op SADiLaR se YouTube-kanaal kyk.

Mnr. Detlef Cloete, lektor by Akademia en voormalige projekbestuurder by ICELDA, sê die keuse van onderwerpe en hoe die inhoud aangebied word, word voortgedryf deur insig in en kennis van akademiese skryfontwikkeling, sowel as wêreldwye en plaaslike navorsing.

Die program bestaan uit 15 onderwerpe, wat die volgende insluit:

- taakontleding: hoe om te verstaan wat 'n daargestelde taak van jou vereis;
- inleiding en gevolgtrekkings: hoe om dit te skryf;
- diskoersmerkers/logiese konnektors: hoe om jou leser logies deur die teks te lei;
- stem, houding en betrokkenheid: hoe om jou gesag oor jou teks te laat geld en jou leser te betrek;
- verwysingsbystand: hoe om verwysings korrek te hanteer; en

- vermyding van plagiaat: hoe om bronne op só 'n manier te integreer en te siteer dat jy nie plagiaat pleeg nie.

Alhoewel die video's in Suid-Afrika se amptelike tale beskikbaar is, het die ICELDA-span besluit om die inligtingstukke en aktiwiteite in Engels te hou.

Prof. Tobie van Dyk van NWU se Skool vir Tale, en ICELDA-SADiLaR-nodusbestuurder, verduidelik dat studente aangedui het dat hulle in Engels wil skryf en studeer, met die bystand van hulle moedertale.

"Inligtingstukke en video's moet as 'n pakket gebruik word; veral in 'n situasie waarin die student die Engelse term ken wat gebruik word, maar nie die moedertaalekwivalent nie, en andersom," sê prof. Van Dyk.

Hoewel die kursus in 15 modules opgedeel is, staan dit studente vry om die manier te kies waarop hulle met die kursus wil omgaan. Studente kan die materiaal dus van begin tot einde gebruik of net op die dele konsentreer waarmee hulle sukkel.

"Ons is verskriklik passievol oor hierdie program as 'n manier om Suid-Afrikaanse studente met skryfwerk in hulle moedertaal te ondersteun," sê dr. Kristien Andrianatos, senior lektor aan NWU se Skool vir Tale, en inhoudsontwikkelaar by ICELDA.

"Die gebruik van Engels en die voltooiing van geskrewe take in hoër onderwys is ingewikkeld, veral vir beginners, en ons vertrou dat Write It vir studente in hulle akademiese akkulturasie sal bystaan tydens hulle reis om deel te raak van die akademiese gemeenskap," sê dr. Andrianatos.

Kontak ons:





Toetsing en gehaltebeheer

Mnr. Cloete verduidelik dat, as deel van die ontwerp-en-ontwikkelingsfase, die ICELDA-span saam met prof. Kris van de Poel en dr. Marilize Pretorius van die Universiteit van Antwerpen, België gewerk het om algemene kursusinhoud te voorsien.

ICELDA het ook kragte met 'n Belgiese maatskappy genaamd InterCulturate gesnoer wat nuttige bystand verleen het vir elemente soos die ontwerp en uitleg van die inligtingstukke, asook die aanlyn verpakking. "Ons het die materiaal ook op plaaslike studente in die skryfsentrumomgewing en in nagraadse akademiese skryfwerkwinkels getoets, en die terugvoer is werklik positief," sê prof. Van Dyk.

Toegang vir almal

Studente en lektore kan die video's op SADiLaR se YouTube-kanaal kyk. Diegene wat toegang tot die volledige kursusinhoud wil verkry of verdere bystand met die leerbestuurstelsel verlang, kan SADiLaR kontak by info@sadilar.org.

Kontak ons:



NUWE LEWE IN SIPHUTHI: TAAL EN KULTUUR

- **Natalie Simon**

Taal en kultuur is nou verweef; mense se taal beïnvloed hulle persepsie van die wêreld en verleen vorm aan hulle kulturele identiteit. Wanneer 'n taal dus verlore gaan, ly ons 'n groot verlies. Drr. Sheena Shah en Matthias Brenzinger werk tans in oorleg met die ebaPhuthi (Phuthi-volk), 'n minderheidsgroep in Lesotho en Suid-Afrika, aan 'n SADiLaR-ondersteunde projek om nuwe lewe in die siPhuthi-taal te blaas. Dit vind by wyse van verskeie inisiatiewe plaas, onder andere deur samewerking met die gemeenskap om 'n multimodale siPhuthi-korpus te ontwikkel en daar te stel. Die aktiewe betrokkenheid van die gemeenskap is deurslaggewend vir hierdie projek.



“Die siPhuthi-projek is ’n medewerkingsprojek tussen taalkundiges en gemeenskapslede,” sê dr. Shah. “Die gemeenskap sien die projek as ’n manier waarop hulle stemme gehoor, en hulle stories versprei kan word. Vir hulle speel die projek ook ’n belangrike rol daarin om nuwe lewe in hulle taalbedrywighede te blaas.”

Die Phuthi-volk: verlede en hede

Die ebaPhuthi was onder die eerste Bantoe-sprekende mense wat hulle opwagting in die hedendaagse Lesotho gemaak het, waar hulle in kontak met onder andere die jagter-versamelaar-gemeenskappe van Suider-Afrika – na wie algemeen as die San verwys word – gekom en met wie hulle ondertrou het. Die Phuthi-nasie het in die vroeë 19de eeu tot stand gekom en is onder die leierskap van hulle koning, Murena Moorosi, gekonsolideer. Moorosi het egter in 1879 in ’n geveg gesterf, waarna die ebaPhuthi, met ondersteuning van die Britse militêre magte, deur die Basoeto-volk – steeds die heersende meerderheid in Lesotho – gekoloniseer is.

SiPhuthi word steeds in ruim mate deur die Lesotho-regering geïgnoreer, en die Phuthi-volk gemarginaliseer, met lae onderwysuitkomste en swak indiensnemingsmoontlikhede. SiPhuthi is ’n uiters bedreigde taal wat deur slegs ’n paar duisend mense gepraat word, en die meerderheid van daardie sprekers woon in Lesotho. Ten spyte hiervan verskyn siPhuthi nie in Lesotho se grondwet of enige ander amptelike dokument nie. SiPhuthi-sprekers word in die nasionale konteks afgeskeep en die uitsluitlike gebruik

van Sesotho en Engels deur regeringsinstellings belemmer toegang tot noodsaaklike maatskaplike dienste soos onderwys, indiensneming, gesondheidsorg, geregtigheid en welsyn.

Nuwe lewe in siPhuthi

Onder die ebaPhuthi is daar egter ’n beweging aan die gang om hulle taal en kultuur te herstel en dit erkenning deur die Lesotho-regering te laat geniet. Te danke aan Libadla le Baphuthi, ’n kulturele vereniging wat die dryfkrag agter baie siPhuthi-verwante inisiatiewe en bedrywighede is, het die daarstel van siPhuthi as sleutelbaken van ’n onmiskenbare Phuthi-identiteit die afgelope dekade momentum begin kry.

Dit is binne hierdie breër konteks wat Shah en Brenzinger in 2016 aan die werk gespring het om die siPhuthi-taal te dokumenteer – ’n projek wat die steun van Libadla le Baphuthi geniet. Die twee taalkundiges het gevolglik deel van die Phuthi-familie geraak. Hierdie projek het tot ’n renaissance van siPhuthi en die taal se verwante kultuur bygedra.

“Daar is toenemende belangstelling in die taal, met baie nuwe sprekers wat na vore tree wat gemeenskapslede is wat – dikwels as volwassenes – taalbevoegdheid herwin aangesien hulle taal as ’n sleutelbaken van hulle Phuthi-identiteit beskou,” sê dr. Shah.

Projekuitkomste

Die samestelling van ’n multimodale korpus van siPhuthi-opnames wat narratiewe, gesprekke, onderhoude, volksverhale,

Kontak ons:





mondelinge geskiedenis en gedigte bevat, is 'n sentrale kenmerk van die projek. Die audio- en video-opnames word getranskribeer, vertaal en geannoteer. Die korpus dek 'n wye reeks onderwerpe en sluit opnames van 'n groot aantal sprekers van verskillende generasies en geografiese liggings in. Hierdie korpus behoort in 2024 afgehandel te wees en sal in die SADiLaR-bewaarplek beskikbaar gestel word.

Die siPhuthi-korpus word tans ontwikkel om as hulpbron vir sowel gemeenskapslede as akademici van verskillende dissiplines te dien. Die korpus verskaf nie slegs insig aan taalkundiges nie maar ook vir geskiedkundiges, aardrykskundiges en kulturele antropoloë. Die belangrikste van alles is dat dit ook as kulturele en geskiedkundige geheue vir gemeenskapslede dien.

Die span werk ook aan 'n viertalige siPhuthi/Sesotho/isiXhosa/Engels-woordeboek. Soos dr. Brenzinger verduidelik, sal die woordeboek deurslaggewend in die ontwikkeling van siPhuthi-onderwys- en -gesondheidsmateriaal wees:

Ná 19 November 1879, met die dood van Murena Moorosi, is die ebaPhuthi en hulle taal eers aktief onderdruk, en later in die nasionale konteks van die Koninkryk van Lesotho afgeskeep. Maar dit wil voorkom of siPhuthi moontlik binnekort een van die amptelike tale van die land kan raak, met die geleentheid om siPhuthi as instruksiemedium in laerskole te gebruik. Vir die ontwikkeling van leer- en onderrigmateriaal in siPhuthi is 'n woordeboek van die taal van die uiterste belang.

Werkzaam in gemeenskapsvennootskap

In die verlede het sprekers van die taal 'n sekondêre rol, as taalinformant of konsultant, in taalkundige navorsing gespeel. Alhoewel dit in die praktyk in 'n sekere mate besig is om te verander, glo Shah en Brenzinger dat die navorsers nie dominant in die projek moet wees nie; hulle moet ook nie deur publikasies en persoonlike loopbaanbevordering die hoofbegunstigdes van die projek wees nie. Hulle leidende filosofie is eerder dat "sosiale geregtigheid en menslike welvaart" die projekuitkomst moet wees wanneer daar met gemarginaliseerde gemeenskappe gewerk word. Om hierdie rede vorm die opleiding en bemagtiging van die siPhuthi-sprekers die essensie van die werk.

Die span hou werkswinkels waarin gemeenskapslede in taaldokumenteringsmetodes en -tegnieke opgelei word.

Daarbenewens werk taalkundiges as aktiewe lede van Libadla le Baphuthi saam met die gemeenskap.

Dr. Shah maak die volgende opmerkings:

Vir uitkomst om betekenisvol vir sowel taalkundiges as gemeenskapslede te wees, móet projekte werklik samewerkend wees. Gesamentlike benaderings tot taaldokumentering verhoog wetenskaplike uitsette en terselfdertyd maak dit uitsette toeganklik en nuttig vir gemeenskappe.

Deur klein taalgemeenskappe soos die siPhuthi-sprekers te ondersteun,

Kontak ons:





kan ons hierdie gemarginaliseerde mense 'n stem gee om selfgating en herkenning in nasionale kontekste te herwin. Daarmee beoog ons bedrywighede om taaldiversiteit aan te wakker wat ons wêreldwyd as 'n menslike skat beskou.



Sheena met ander siPhuthi-aktiviste by 'n kulturele geleentheid.



'n Onderhoud met 'n siPhuthi-spreker van Suid-Afrika word by die jaarlikse Murena Moorsosi-herdenking by die Daliwe-basis opgeneem.



Matthias bespreek siPhuthi-terme met studente in die Daliwe-riviervallei.

Kontak ons:





DH-IGNITE: LAAT DIE DIGITALE GEESTESWETENSKAPPE IN KWAZULU-NATAL VLAM VAT

- **Natalie Simon**

“Grondliggend aan die digitale geesteswetenskappe is kodering. Sodra jy in R of Python kan kodeer, ontvou ’n wêreld propvol moontlikhede vir jou,” sê professor Kevin Durrheim van die Universiteit van Johannesburg tydens SADiLaR se eerste DH-IGNITE-geleentheid wat Oktober verlede jaar in Umhlanga, KwaZulu-Natal (KZN) plaasgevind het.

Die doelwit van die DH-IGNITE-geleenthede is om ’n praktykgemeenskap van digitale geesteswetenskappe (DG) onder navorsers in Suid-Afrika te bou om te leer kodeer, en om digitale en rekenaartechnologie op hulle eie navorsing en onderwys toe te pas. Hierdie poging is deurslaggewend vir die SADiLaR-mandaat, om op navorsing en kapasiteitsbou vir DG te fokus.

“Ten einde SADiLaR se program vir digitale geesteswetenskappe suksesvol te laat wees, benodig ons ruim betrokkenheid deur die hele akademie en alle kritieke belanghebbende partye in die land,” sê professor Langa Khumalo, SADiLaR se uitvoerende direkteur. “Deur middel van hierdie streeksgeleenthede probeer ons vakkundiges bymekaar bring om netwerke te bevorder en regionale praktykgemeenskappe op die gebied van digitale geesteswetenskappe en rekenaargeesteswetenskappe te laat groei.”

By die KZN-geleentheid het Anelda van der Walt, ESCALATOR se programbestuurder, gepraat oor die uitdagings wat ESCALATOR die hoof moes bied om tydens die COVID-19-pandemie en inperkings ’n gemeenskap te bou.

“ESCALATOR is in Desember 2020 begin en ons was nie in staat om ons gemeenskappe sover te kry om verhoudinge te begin bou nie omdat om verhoudinge van die begin af deur middel van aanlyn platforms te bou, nie dieselfde is as om persoonlik betrokke te raak nie,” sê sy. Toe die beperkings eers opgehef is, het die ESCALATOR-span DH-IGNITE-geleenthede begin beplan om diegene wat by die DG-ruimte betrokke is – of dié wat daarin belangstel om by die ruimte betrokke te raak – in staat te stel om persoonlik te ontmoet en met mekaar om te gaan.

DH-IGNITE het met verskeie voorleggings geopen wat beklemtoon het hoe belangrik dit vir navorsers van die

DH-IGNITE is ’n nuwe inisiatief van SADiLaR se ESCALATOR-program, ’n inisiatief om ’n inklusiewe en aktiewe praktykgemeenskap in DG en rekenaargeesteswetenskappe in Suid-Afrika te bou. Die geleentheid in KZN was die eerste van ’n reeks streeksgeleenthede wat vir regoor Suid-Afrika beplan is, strategies geleë vir maklike bywoning deur personeel en navorsers van al 26 openbare universiteite in die land.

Kontak ons:





geesteswetenskappe en sosiale wetenskappe is om digitale tegnologie by hulle werk te inkorporeer. Noma Maphanga, projekbestuurder en datawetenskapmentor by ESCALATOR, het 'n voorlegging gelewer oor hoe belangrik dit is om met nuwe tegnologie aan die beweeg te bly. Sy het daarop gewys dat nie een van die afgevaardigdes na die geleentheid gestap het nie, maar waarskynlik van 'n kar of bus gebruik gemaak het; en dat dit hoogs onwaarskynlik was dat enige van die afgevaardigdes hulle referaat of publikasie met die hand geskryf het, en eerder gekies het om sagteware te gebruik wat die werk vinniger en beter gemaak het.

"Dit is aan die begin dalk tydrowend om nuwe hulpmiddele en metodes vir navorsing baas te raak," het sy gesê, "maar op die lang termyn sal dit vir jou baie nuttig wees, en die gehalte en doeltreffendheid van jou navorsing verbeter."

Ander voorleggings het 'n begrip van beginsels oor databestuur ingesluit, byvoorbeeld FAIR (vindbaar, toeganklik, interbewaterkbaar en herbruikbaar [findable, accessible, interoperable and reusable]) en CARE (kollektiewe voordeel, gesag om te beheer, verantwoordelikheid, etiek [collective benefit, authority to control, responsibility, ethics]). Daar was ook voorleggings wat die nasionale infrastruktuur en hulpmiddele beskikbaar vir digitale en rekenaarnavorsing ten toon gestel het. Durrheim het 'n nuwe inisiatief by die Universiteit van Johannesburg genaamd UJMethLab aangebied ter ondersteuning van navorsers in

geesteswetenskappe en sosiale wetenskappe wat nuwe metodologieë en innovasie in navorsing ondersoek. Afgevaardigdes is op blitspraatjies oor verskeie DG-projekte getraakteer, onder meer 'n tentoonstelling oor digkuns en DG, en die Voices of Mzansi-projek wat vir gemeenskappe ruimte wil skep om in hulle eie taal by die ontwikkeling van tegnologie betrokke te raak. Hoewel daar 'n paar praktiese voorleggings was, was die doel van DH-IGNITE nie om koderingsvaardighede te leer nie maar eerder om afgevaardigdes bekend te stel aan die reeks opsies om sodanige vaardighede aan te leer, asook die potensiaal van hierdie rekenaarvaardighede om hulle navorsing en loopbane oor die algemeen te verbeter. DH-IGNITE is 'n uitnodiging om by die ESCALATOR-praktykgemeenskap in rekenaar-sosiale wetenskappe en -geesteswetenskappe aan te sluit, en die proses te begin om vaardighede vir die Vierde Industriële Revolusie te verhef. "Ons is vir die lang termyn hierby betrokke," sê Van der Walt. "ESCALATOR en die bou van ons praktykgemeenskap vir digitale geesteswetenskappe is 'n vyf-tot-tien-jaar-projek, en ons sien daarna uit om hierdie pad saam met julle te stap." Besoek die webwerf om uit te vind watter DH-IGNITE-geleentheid die naaste aan jou is.

Kontak ons:





SADILAR-NAVORSERS DEEL KENNIS BY SOMERSKOOL VIR DIGITALE GEESTESWETENSKAPPE

- **Natalie Simon**

Drie navorsers van SADiLaR (me. Mmasibidi Setaka, mnr. Benito Trollip en prof. Menno van Zaanen) het onlangs kursusse by 'n somerskool aangebied wat deur die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Digitale Geesteswetenskappe (Digital Humanities Association of Southern Africa [DHASA]) aangebied is. Hierdie vierdaggeleentheid, wat van 31 Oktober tot 3 November 2022 geduur het, het 'n reeks kursusse gebied wat onderwerpe gedek het wat met DG verband hou. Die somerskool het spesifiek gefokus op studente en navorsers met 'n belangstelling in die veld van digitale geesteswetenskappe (DG).

Kontak ons:



Prof. Menno van Zaanen en Franziska Pannach, albei lede van DHASA se uitvoerende komitee, was instrumenteel met die organisering van die somerskool, wat in samewerking met 'n DG-konferensie gehou is wat deur Noordwes-Universiteit georganiseer is. Hierdie aangesig-tot-aangesig-geleentheid het by die Riverside Sun-hotel in Vanderbijlpark,

Suid-Afrika plaasgevind. DG is 'n akademiese navorsingsveld wat sigself toespits op die toepassing van rekenaarhulpmiddele en digitale metodes binne die tradisionele velde van die geesteswetenskappe soos taalkunde, musiek, geskiedenis en filosofie.



Deur geleenthede soos die somerskool te organiseer, beoog SADiLaR en DHASA om die DG-veld in Suid-Afrika, wat tans steeds 'n nuutjie is, 'n hupstoot te gee. Behalwe vir opleidingsgeleenthede, bou SADiLaR 'n praktykgemeenskap wat navorsers in staat stel om inligting te deel en probleme, oplossings en moontlikhede te bespreek.

Vooruitgang in tegnologie sowel as die beskikbaarheid van geesteswetenskappedata het tot die ontwikkeling van die DG-veld aanleiding gegee, wat fokus op die generering en beantwoording van nuwe vrae van toepassing op die geesteswetenskappeveld.

Navorsing in hierdie veld verweef geesteswetenskappe en digitale tegnieke, en word sodanig aangedryf deur nuwe en vinnig ontwikkelende digitale tegnologie. DG steek die grens tussen geesteswetenskappe en rekenaarwetenskap oor.

Dit gee aanleiding tot inter- en kruisdisiplinêre samewerking tussen wetenskaplikes, wat 'n magdom metodologieë, kritiese en refleksiewe benaderings bymekaar bring, sowel as 'n ontwrigting van tradisionele wetenskaplike navorsingspraktyke tot gevolg het. "Die DHASA-somerskool was 'n fantastiese inisiatief om verskillende vakkundiges bekend te stel aan die veld van digitale geesteswetenskappe wat 'n nuwe vakrigting in Suid-Afrika is. Deelnemers het belanggestel in die moontlikhede wat digitale geesteswetenskappe bied, en ek glo hierdie bespreking moet voortgesit word," beveel me. Mmasibidi Setaka, navorser in geesteswetenskappe, aan.

Kontak ons:



Bywoners en aanbieders by die DG-somerskool



SADILAR-NAVORSERS BY DIE 2022 AVSA-KONFERENSIE

- **Natalie Simon**

Vier SADiLaR-navorsers het die Afrikatale-Vereniging van Suider-Afrika (AVSA) se 23ste tweejaarlikse internasionale konferensie bygewoon wat deur die Afrikatale-Vereniging van Suider-Afrika in samewerking met die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, die Departement Afrikataalstudies en die Sentrum vir Gevorderde Studies van die Afrika-samelewing van die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) georganiseer is. Die konferensie, met die tema "Afrikatale in die praktyk in die 21ste eeu", het 21-24 September 2022 in Stellenbosch plaasgevind.

Vir enige terugvoer oor die inhoud van die nuusbrieff, kontak gerus vir SADiLaR: info@sadilar.org

Vir enige terugvoer oor die vertalings, rig asseblief jou boodskap aan die vertaler wanneer jy 'n e-pos aan SADiLaR stuur: info@sadilar.org



Vier SADiLaR-navorsers woon die AVSA 2022-konferensie by. Van links na regs: Andiswa Bukula, Rooweither Mabuya, Benito Trollip, Muzi Matfunjwa

Groter bewusmaking van SADiLaR se bydrae tot die veld

Rooweither Mabuya, Andiswa Bukula, Muzi Matfunjwa en Benito Trollip van SADiLaR het almal die konferensie bygewoon en 'n referaat gelewer. Maar, sê die vier navorsers, die waarde van SADiLaR-personeel se bywoning van konferensies behels baie meer as om navorsingsvoorleggings te maak. "Hierdie konferensies bied ons 'n gulde geleentheid om met

navorsers in die veld te praat oor wat SADiLaR – as nasionale navorsingsinfrastruktuur – doen, en wat ons vir hulle kan doen," sê Bukula, DG (digitale geesteswetenskappe)-navorsers in isiXhosa. "Navorsers stel baie daarin belang om meer te wete te kom oor ons ope beroep op befondsing, hoe hulle toegang tot ons bewaarplek kan kry, en watter moontlikhede en steun beskikbaar is vir navorsers wat daarin belangstel om hulle navorsing

Kontak ons:





Klik hier om op
ons nuusbrief
in teken



Kontak ons:



by wyse van rekenaarhulpmiddele
vooruit te help.”

Matfunjwa het ’n referaat gelewer
oor die assessering van die
doelmatigheid van die Siswati-
woordsoortetiketteerder, probleme
wat waargeneem is weens woorde
wat verkeerdlik geëtiketteer word,
en moontlike oplossings om die
akkuraatheid van die etiketteerder
te verbeter. Hy het die
belangstelling van ander navorsers
bespeur oor hoe hy digitale
hulpmiddele gebruik met sy
ontleding van Siswati – die taal
waarin hy as DG-navorsers
spesialiseer.

“Deur persoonlik by ’n konferensie
te ontmoet, en te hoor hoe
navorsers voorleggings doen, is ’n
fantastiese geleentheid om ons
relevansie vir navorsers in die veld
te wys,” sê Trollip, wat in Afrikaans
spesialiseer. “Die AVSA-konferensie
het byvoorbeeld kragtige
voorleggings oor forensiese
linguistiek gehad, en ek het ’n
navorsingsgenoot van UWK
ontmoet wat ’n korpus oor
spesifieke hofuitsprake wil
saamstel. Ek het dit uitgevind deur
na haar aanbieding te luister, en
ons het daarna kontak
bewerkstellig aangesien SADiLaR
oor die deskundigheid beskik om
haar daarmee te help.”

Viering van Suid-Afrika se inheemse tale

Vir al vier navorsers wat die
konferensie bygewoon het, was die
hoogtepunt die voorleggings deur
navorsers oor hulle eie taal, in hul
eie taal, met geen tolkdienste nie.
“Dit het my verstom,” sê Mabuya,
wie se navorsingspesialiteit isiZulu
is.

“Daardeur het die AVSA-
konferensie ’n baie helder en
kragtige verklaring gemaak ter
voorspraak van die opheffing en
ontwikkeling van ons inheemse
tale.”

Trollip, wat verskeie voorleggings
bygewoon het in Suid-Afrikaanse
tale wat hy nie praat nie, stem
saam: “Dis net wonderlik om mense
hulself in hulle eie taal te sien
uitdruk. As Afrikaanse navorsers en
moedertaalsprekers, spits ek myself
doelbewus op Afrikaanse
konferensies toe vir die vreugde
daarvan om voorleggings in my eie
taal te kan doen. Dit is wonderlik
om te sien hoe hierdie praktyk
onder ons inheemse tale vlam vat.”

Bukula sê sy het ook werklik die
diversiteit van sowel die sprekers as
die voorleggings geniet, asook die
hoë gehalte van die aanbiedinge
oor die algemeen. “Aanbiedinge
het gewissel van dié oor
letterkunde en digkuns, tot
forensiese linguistiek, tot die meer
tegniese en rekenaarwerk. Dit was
fantasties om na voorleggings in
ons verskillende tale te luister, en
die sosiale geleentheid was
uitstekend,” sê sy.
“Geluk aan die organiseerders vir ’n
uitstekende en goed
georganiseerde konferensie.”



DOKTOR MARAIS VERKIES AS NODUSVERTEENWOORDIGER OP SADILAR SE BESTUURSKOMITEE

- **Natalie Simon**

SADiLaR se bestuurskomitee kondig met groot vreugde die aanwysing van dr. Laurette Marais as verteenwoordiger van die SADiLaR-nodusse op die komitee aan.

Marais is 'n senior navorser by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) (Council for Scientific and Industrial Research (CSIR)), en dien sedert 2022 as die spraaknodusbestuurder. Sy is sedert 2009 by navorsing oor mensliketaaltegnologie betrokke, en staan tans aan die spits van 'n SADiLaR-befondsde projek vir die ontwikkeling van 'n wyedekking-rekenaargrammatika vir isiZulu. Haar navorsing fokus ook op die toepassing van spraak- en teksverwerkingstegnologie in geletterdheidsteun en taalleer vir die Suid-Afrikaanse tale.



Dr. Laurette Marais,
verteenwoordiger van die SADiLaR-
nodusse op die komitee.

Die bestuurskomitee bestaan uit 'n aantal belanghebbendes, onder meer akademici en befondseers wat 'n oorsig van alle SADiLaR-bedrywighede verskaf, insluitend die daarstel van 'n strategiese rigting, en die goedkeuring van beleide en beplanning wat aan die strategie effek verleen. Die komitee hou toesig oor en monitor die implementering en uitvoer van die strategie deur die bestuur terwyl hulle by wyse van verslagdoening en openbaarmaking ook organisatoriese werkslewing verseker.

In ooreenstemming met voortgesette kontraktuele reëlins tussen die Departement van Wetenskap en Innovasie en NWU, dien lede van die komitee 'n termyn van drie jaar.

Dr. Marais merk op:

Die SADiLaR-nodusse is daartoe verbind om 'n meetbare impak op

veeltalige Suid-Afrika te maak. Vervulling van SADiLaR se meervlakkige mandaat, naamlik bystand aan navorsing en ontwikkeling in die domeine van taaltegnologie en taalverwante studies in die geesteswetenskappe en sosiale wetenskappe, vereis 'n groot verskeidenheid vaardighede, tegnieke en navorsingsbrandpunte wat by die verskillende nodusse gekultiveer word. Terselfdertyd is die nodusse daartoe verbind om doelmatige en doeltreffende samewerkingsmetodes te soek om saam meer te kan bereik. Dit sal 'n eer wees om hardwerkende kollegas op die bestuurskomitee te verteenwoordig.

Kontak ons:

